

13 NOVEMBER

SKRIFGEDEELTE: Psalm 120

Die Here verhoor die gebed van 'n pelgrim

Om in jou grootste nood na die Here te mag kom bly steeds 'n groot voorreg, want jy weet die God na wie jy roep is nie 'n dooie God nie, maar dié lewende God.

Hierdie is 'n pelgrimslied wat die groep pelgrimsliedere inlui (Psalm 120-134). Die pelgrim van ouds was van sy huis af op pad tempel toe om te gaan aanbid en moes dikwels deur 'n vyandige gebied reis om daar te kom. Om te midde van vyandigheid nogtans tempel toe te gaan, was moeilik. Om te midde van vyandigheid op jou lewenspad nog steeds vir God te dien, is net so moeilik.

In hierdie psalm word die Psalmis beproef deur leuens wat oor hom versprei word. Hoe verweer jy jou as mense dit hulle missie maak om jou met leuens en valse stories te beskinder en te beswadder? Gebed speel hier 'n belangrike rol – dit bly een van die grootste gawes wat die Here aan ons gegee het. Deur gebed kan ons met die Here praat en weet dat Hy na ons luister. In die binnekamer kan jy in gebed jou hart voor die Here uitstort. Terselfdertyd kan jy weet die Here loop elke tree saam met jou deur die lewe en kan jy verseker weet: as pelgrims wat op pad is na die ewige bestemming hét Jesus Christus, ons Verlosser, ons alreeds bevry van die mag en oorheersing van die Vader van die leuens, naamlik Satan. Deur Jesus Christus is jy gered. Hy rig jou voete op jou lewenspad wat doelgerig op 'n ewige bestemming uitloop.

Sing: Psalm 91:1 en 6

Ds Abel Steyn (Lydenburg)